19 APRIL 2020



3iG

’n saam-glo dissipelskap gesprek

nous praktiese wysheid...

saam **bid**

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:
B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.
I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).
D: Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

“23Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê.”

saam **groei**

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

Wat weet ons alles van Petrus? Hy en sy broer, Andreas het langs die See van Galilea geloop, toe Jesus hulle as sy dissipels geroep het. Hy woon aan die noordwestelike oewer van die See van Galilea saam met sy vrou en kinders in die huis van sy skoonfamilie in Kapernaum. Na sy belydenis dat Jesus die Chritus, die Seun van God is, verander Jesus sy naam van Simon na Petrus, wat Rots beteken. Petrus beleef saam met Johannes en Jakobus besondere oomblikke saam met Jesus: toe Jesus Jaïrus se dogtertjie uit die dood opgewek het, die verheerliking van Jesus op die berg en die gebedsworsteling van Jesus in die Tuin van Getsemané. Ons weet dat Petrus by geleentheid op die water geloop het, maar toe gesink het en later die Here Jesus sou verloën in die voorhof van Pilatus se woning en dat die Here na sy opstanding drie keer vir Petrus moes vra of hy Hom werklik liefhet. Petrus was die leier van die eerste gemeente en het op Pinksterdag gepreek toe die Heilige Gees uitgestort is. Petrus skryf uit Rome die eerste Petrus-brief, waar hy ook sou sterf. Lees 1 Pet. 1:3-9.

saam **gesels**

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

1. ‘n Week na die viering van die opstanding van Jesus, het daardie gebeure steeds ‘n effek op die manier waarop ons leef. Dink na oor die impak van die paasgebeure op jou eie lewe en deel dit dan met mekaar.

2. Omskryf die nuwe lewe waarvan Petrus hier praat.

3. Op die oog af kan gelowiges brandarm wees, bedelaars wees, en tog is hulle ook skatryk koningskinders. Mense met hoop is miljoenêrs. Multimiljoenêrs. Die hemel behoort aan hulle. Waarin lê hulle rykdom volgens hierdie gedeelte en is dit veilig?

4. Let op die tweeledige bewaringsaksie van God waarvan hier sprake is. Wys dit vir mekaar uit. Stel vir mekaar die tweede bewaringsaksie van God hier in perspektief. Beteken dit dat ek aan die einde van my lewe sal kan sê ek het nou nie eers ‘n skrapie of letseltjie opgedoen nie? Sou ons kon sê dat God ons nie noodwendig van lyding bewaar nie, maar ons wel bewaar vir die saligheid?

5. Gelowiges, sê 1 Petrus, is mense wat soms lag deur hulle trane heen, hulle ervaar vreugdevolle droefheid. Hulle lyding wat hulle bedroef maak, word oortref deur alles wat hulle so bly maak. Dié lyding is soms “nodig” en deel van God se plan met hulle lewe en dit duur slegs vir “‘n kort tydjie”, dit gaan verby en gemeet teen die ewigheid, is dit wat ons nou verduur net ‘n fraksie van ‘n sekonde. Hoe sal julle hierdie gedagtes gebruik om mekaar en ander vandag te bemoedig?

6. Bespreek die rol wat die wederkomsverwagting in Jesus-volgelinge se lewe moet speel. Volgens verse 8-9 moet dit ‘n huppel in ons stap gee en ‘n vonkel van opwinding in ons oog. Verduidelik dit vir mekaar.

saam **stap**

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: **Om ons daarin te oefen om bewus van God te leef.** Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om die stem, leiding en teenwoordigheid van God in ons alledaagse lewe raak te sien. Hierdie gewoonte skep ’n dieper bewussyn van God se wil vir ons lewe. Lees hieroor Fil. 1:9-10 en Kol. 1:9.

.

Doen-dinge:

1. Neem aan die einde van elke dag, die dag in oënskou. Dink terug aan oomblikke waar jy liefde ontvang of gegee het. Waar was jy bewus van die Here se teenwoordigheid?

2. Reflekteer oor die hoogte- en laagtepunte van die dag. Hoe nooi die Here jou om te bid oor die hoogte- en laagtepunte voordat jy aan die slaapraak?

3. Steek ’n kers aan en raak bewus van die Here se teenwoordigheid. Plaas jou hand op jou hart en vra die Heilige Gees om daardie oomblik van die dag waarvoor jy die dankbaarste is vir jou uit te wys. Sê dan vir die Here dankie daarvoor.

Dink-dinge:

1. Hoe sien jy gewoonlik God se teenwoordigheid raak? Hoe reageer jy op sy teenwoordigheid?

2. Wat het die Here die afgelope ses maande in jou lewe gedoen?

3. Dink aan die vrug van die Gees. Waar, dink jy, wil die Here dit gebruik om sy teenwoordigheid vir ander deur jou te wys?

3 STAPPE

‘n 3iG-groep is ‘n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat ‘n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur ’n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.